PREEKNOTA

Datum: 21/04/2024

1. Die onbreekbare.

2. Hoe lyk 'n onbreekbare dienskneg?

a) *Weet wie jy is.*

Romeine 8:35 (DB) 35Wat kan ons nou nog skei van Christus se liefde vir ons? Swaarkry, probleme, vervolging, hongerpyne, 'n tekort aan klere, gevare, of dalk geweld? Nie een van hierdie dinge nie! Nie eens die grootste probleme waarvan daar in die Bybel gepraat word, kan ons ooit van Christus skei nie.

b) *Staan reg om te doen wat God van jou vra.*

Matteus 24:45-46 (AFR53) 45 WIE is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee? 46Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind.

3. Wat maak jou 'n onbreekbare dienskneg?

a) *God se Liefde bo alles.*

1 Petrus 4:7-8 (DB) 7Dit is nou nie meer lank voor die wêreld soos ons dit ken tot 'n einde gaan kom nie. Onthou dit elke oomblik en dink daaroor na. Sorg dat julle weet wat aangaan sodat julle sinvol met God kan praat in gebed. 8Daar is niks so belangrik as dat julle mekaar liefhet asof julle eie lewe daarvan afhang nie.
Die liefde sien ander se foute oor en gaan nie daaroor te kere nie.

b) *God se werk bo jou gemak.*

1 Petrus 4:9-10 (DB) 9As iemand by jou opdaag en jou hulp nodig het, help hom met 'n glimlag sonder om onderlangs te kla of te brom. 10God het aan elkeen van julle uitsonderlike talente gegee. Moenie dink dit is julle wat so goed is nie. Nee, dit is God wat eintlik so goed vir julle is. Daarom moet julle julle talente gebruik om ander te help. Soos iemand wat in 'n huis aangestel is om ander te bedien, moet julle in God se geestelike huis al die wonderlike gawes onder mekaar uitdeel wat Hy vir ons gegee het sonder dat ons dit eintlik verdien.

Filippense 2:3-4 (AFR83) 3Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. 4Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

c) *God se eer bo jou eie.*

1 Petrus 4:11 (DB) 11Byvoorbeeld, as een van julle preek, moet dit wees asof God deur hom praat. As iemand 'n ander persoon help wat hulp nodig het, moet hy dit doen uit die krag wat God hom sal gee. Op dié manier sal almal God se grootheid kan sien en sal Hy die eer vir alles kry, omdat Jesus dit vir ons moontlik gemaak het om al hierdie dinge te doen. Almal sal Hom erken as die Een wat in alles groot en sterk is, nie net vandag nie, maar vir ewig en altyd. Daarvan kan julle seker wees.

d) *God se wil bo jou swaar en seer.*

1 Petrus 4:12-14 (DB) 12My liewe vriende, as dit so swaar met julle gaan dat julle dit byna nie meer kan hou nie, moenie sommer daaruit aflei dat julle godsdiens daarmee heen is nie. Christene moet ook swaarkry. 13Dink maar aan Jesus. Hy het baie swaargekry. Julle moet eerder bly en opgewonde wees dat julle soos Hy is, al is dit ook dat julle soos Hy kan swaarkry omdat julle Christene is. Dink net hoe bly julle gaan wees wanneer Hy weer kom en almal dan sien hoe groot en belangrik Hy regtig is. 14As mense lelik met julle praat omdat julle Jesus s'n is, moet julle bly wees. Dit is vir julle 'n bewys dat God se Gees, wat groot en belangrik is, in julle lewe aan die werk is en dat mense dit raaksien.

1 Petrus 4:19 (DB) 19As 'n mens al dié dinge in gedagte hou, moet die mense wat swaarkry omdat dit deel van God se plan met hulle is, Hom heeltemal vertrou met wat in hulle lewe gebeur. God het hulle immers gemaak en sal hulle nie in die steek laat nie. Hulle moet net op die regte pad bly deur goed te doen.

4. Hoekom is dit belangrik om onbreekbaar te bly?

1 Petrus 4:17-18 (DB) 17Dit is nou die tyd vir God om soos 'n regter te sê wat Hy van elkeen dink. Hy gaan begin met die gelowiges wat sy kinders is. As selfs ons voor God moet gaan staan soos voor 'n regter in die hof, hoe vreesaanjaend en verskriklik sal dit nie vir dié mense wees wat hulle hele lewe lank die rug vir God en sy goeie boodskap gedraai het nie. 18As die mense wat volgens God se wil geleef het beswaarlik gered word, wat wag dan nie op die mense wat God misken en sleg geleef het nie?

5. Is jy onbreekbaar?

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN - 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÉ VAN DER WALT - 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
016 004 0016 I katie@kg.org.za

FRANCO PIENAAR
074 885 2511 I franco@kg.org.za

19 - 29 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 I tommie@kg.org.za

30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 I jonathan@kg.org.za

40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 I edohan@kg.org.za

50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 I nico@kg.org.za

60 jaar en ouer: Lucas Niemand
083 233 4000 I lucas@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655